WELKOM

BAIE WELKOM IN STELLENBOSCH MOEDERGEMEENTE!

Welkom as nuwe lidmaat in die tweede oudste gemeente in die land, gestig in 1686. Met hierdie geloofsgemeenskap het die Here al ‘n lang pad geloop. Die wonderlikste is egter vir ons dat dieselfde Here van die afgelope meer as 300 jaar ons ook op ‘n opwindende manier die toekoms binnelei.

Ons is deurlopend besig om bestek op te neem van wat die Here in ons gemeente gedoen het en steeds doen, en wat Hy van ons vra vir 'n nuwe tyd. Uit hierdie visioneringsproses het ons visie om vir God ‘n Rivier van Lewende Water te wees, tot stand gekom. Om hierdie visie te verwesenlik, glo ons dat elke lidmaat op die een of ander wyse in die gemeente versorging, toerusting en bediening moet ervaar.

Hierdie paar bladsye wil aan jou ‘n oorsig gee oor die wyse van bediening in ons gemeente om jou te oriënteer en te inspireer om jouself te verbind om ‘n versorgingsplek, ‘n toerustingsplek en ‘n bedieningsplek in die gemeente te vind.

As ’n nuwe lidmaat dra jy ook by dat die Rivier met nuwe water gevoed word, waaroor ons baie opgewonde is. Ons bede is dat jy sal tuis voel in hierdie “huisgesin van God”. Mag jy die Here se teenwoordigheid in ons gemeente beleef.

ONS VISIE

ONS GEMEENTEVISIE IS DIE DROOM WAT ONS INSPIREER

Ons
Stellenbosch Moedergemeente
wil in afhanklikheid van God

'n Rivier van Lewende Water
wees

Ons bely dat
Jesus Christus die lewende water
God die Vader die oorsprong en
die Heilige Gees die vernuwende krag is

Ons bid dat
hierdie lewende water
soos 'n bruisende stroom
deur ons gemeente sal vloei
en wyd sal vertak
om die gemeenskap en die wêreld
te reinig, lewe te gee,
en hoop te bring

LIDMAATSKAP

WAT BETEKEN LIDMAATSKAP VAN MOEDERGEMEENTE?

Ons visie om as gemeente ‘n Rivier van Lewende Water te wees, het implikasies vir hoe ons dink oor lidmaatskap:

Ons verstaan lidmaatskap nie

- as ‘n bloot formele of historiese verbintenis aan die NG Kerk nie
- dat ek lidmaat van die gemeente is bloot omdat ek by ‘n bepaalde adres woon nie

Ons verstaan lidmaatskap eerder

- as ‘n keuse wat ek maak om my Christenskap en roeping deur hierdie gemeente uit te leef
- as ‘n verbintenis wat ek maak om betrokke te wees in die gemeente en
- om my diensbaarheid aan die Here in die gemeente in die samelewing uit te leef

Ons doel as gemeente

- is nie bloot om ‘n klompie gemeente-aktiwiteite in stand te hou of uit te bou nie
- maar is om as gelowiges en as gemeente in die krag van die Gees regtig ‘n verskil te maak in die samelewing waarin die Here ons geplaas het, sowel persoonlik as gesamentlik

DIE DRIE KERNFASETTE VAN ONS GEMEENTE-WEES

Versorging
Om elke lidmaat in die gemeente (juis ook nuwe lidmate!) te laat tuiskom in die gemeente, die ervaring van “behoort” te gee en die geleentheid te gee om geestelik versorg te word

Toerusting
Om aan elke lidmaat die geleentheid te gee om toegerus te word sodat hy en sy hulle roeping as Christene binne en buite die gemeente werklik kan leef

Bediening
Om op ‘n dinamiese manier bedieninge in die gemeente tot stand te bring waardeur lidmate hulle roeping en diensbaarheid kan uitleef en ons ‘n verskil kan maak in die gemeenskap en wêreld waarin ons leef

ONS “LIDMAATWAARDES”

In Moedergemeente strewe ons daarna om in die lig van God se Visie vir ons gemeente

- entoesiastiese gelowiges te wees wat leef vanuit ‘n lewende verhouding met God
- oop te wees vir die leiding van die Heilige Gees
- te lewe vanuit ‘n persoonlike roeping om diensbaar te wees
- as rentmeesters ons tyd, geld en gawes diensbaar te stel vir die Koninkryk van God
- betrokke te wees by mekaar se lewe en mekaar se pad saam met die Here

WAT GEBEUR SONDAE?

EREDIENSTE

Meditatiewe diens
Sondagoggende om 08:30 in die Kweekskool-kapel

Eredienste in 'n meer klassieke styl
Sondagoggende om 09:30 en
Sondagaande om 19:00 in Moederkerk

Eredienste in 'n meer informele styl
Sondagaande om 19:00 in Kruiskerk

Tienerdiens
Sondagaande om 19:00 by Welgelegen-gemeente (dit is 'n gesamentlike diens van Moederderk en Welgelegen)

- CD's van die eredienste kan teen R10,00 per CD by die kerkkantoor of by cd@moederkerk.co.za bestel word, en DVD's teen R20.
- Elke Maandag om 16:30 in die Kerkhuis en 17:00 in die Kruiskerk-sentrum is daar eredienswerkgroep waar enigeen welkom is om onvoorbereid te kom gesels oor die erediens van die vorige dag en die erediens wat kom.

BABAKERK

'n Babaversorgingsdiens tydens die erediens in die geboutjie agter die kerk.

KLEUTERKERK

'n Geestelike avontuur vir voorskoolse kinders tydens die oggenddiens in die "Bovertrek" van die Kerkhuis. Die 2-3 jariges en die 4-5 jariges is in afsonderlike groepies.

BABAKAMER ("MOEDER/VADERSKAMER")

In die konsistorie wat vir hierdie doel ingerig is.

KINDERBEDIENING

Graad 1-6
Kom in die Hofmeyrsaal byeen tydens die erediens (09:30). Ouers kry die kinders weer na kerk.

Graad 7-10
Hulle het graadgroepbyeenkomste tydens die erediens, of soos onderling gereël.

Belydenisgroep (Graad 11)
Die belydenisgroep word verdeel in kleiner groepe onder leiding van geestelik volwasse studente en werkende jongmense as "mentors". Elke tweede week kom almal in die groot groep bymekaar. Richard en Johan lei dan gesprekke in 'n reeks, "Die Amazing Geloofsreis". Ander weke kom die kinders saam met die mentors in hulle kleingroepe bymekaar om die grootgroep-onderwerpe verder uit te pluis. Die

grootgroep byeenkomste vind Woensdae 18:00 plaas in die Kerkhuis. Belydenisaflegging vind in graad 12 plaas. Daar is vier geleenthede in die jaar waar dit kan plaasvind. Kinders doen skriftelik aansoek om belydenis van geloof af te lê, met 'n ondersteunende skrywe van hulle ouers.

BELANGRIKE INLIGTING

KERKKANTOOR DROSTDYSTRAAT 2 (LANGS MOEDERKERK)

Die "Kerkhuis" is die administratiewe sentrum van die gemeente. Hannes, Johan, Richard en administratiewe personeel het hier kantore. Vergaderings en toerustingsgeleenthede vind hier plaas. Reëlings vir troues, doop en begrafnisse word ook deur hierdie Kerkkantoor getref.

KANTOORURE:

Maan tot Don 08:00-15:30
Vrydae 08:00-13:00

Tel: 021 883 3458 Faks: 021 886 4041

Administratiewe assistent: Maritha Kotze (voldag)
kantoor@moederkerk.co.za

Administratiewe assistent: Elaine Hamman (soggens)
elaine@moederkerk.co.za

Tesourier: Marianne Botha (voldag)
marianne@moederkerk.co.za

KERKKANTOOR KRUISKERK-SENTRUM

Hier het Jan en Marié kantore sowel as Wilken Calitz (Musiekleier), Johan Viljoen (Straatlig), Jurie Goosen (Internasionale studente) en Henko Janse van Rensburg (gemeenskapsbediening en eredienskoördinering). Vergaderings en toerustingsgeleenthede vind in hierdie kantore, in die seminaarkamer of in die Khaya plaas. Die Khaya is bedags oop as restaurant.

Tel: 021 887 5020 Faks: 021 883 2513

KANTOORURE:

Maan, Dins, Don, Vry 08:30-13:30
Woensdae 08:00-13:00

Administratiewe assistent: Venita de Kock (halfdag)
venita@moederkerk.co.za

HOFMEYRSAAL

Die Hofmeyrsaal met sy indrukwekkende fasade is in Oktober 1899 ingewy as 'n bymekaarkomplek vir die "Christelijke Jongelingen-Vereeniging". Sedert 1950 is die kompleks Moedergemeente s'n. Die onlangse herinrigting van die Hofmeyrsaal en die byvoeging van die foyer-gedeelte en kantoorruimte is byna in sy geheel deur private donasies befonds. Dit word gebruik vir gemeentelike toerustingsgeleenthede, saamkuier om 'n kaggel in die winter, nuwe styl eredienste en vir pastorale gesprekke. Die sentrum word ook op 'n kommersiële basis vir konferensies en funksies verhuur. Vir meer inligting daaroor, kontak hofmeyr@moederkerk.co.za.

LERAARS

- Hannes Koornhof
  hannes@moederkerk.co.za
  Tel: 021 883 3458 (w) 021 883 3712 (h)
  082 940 3318 (sel)

- Johan van der Merwe
  johan@moederkerk.co.za
  Tel: 021 883 3458 (w) 021 886 4323 (h)
  082 940 3319 (sel)

- Richard van Wyk
  richard@moederkerk.co.za
  Tel: 021 883 3458 (w) 021 886 6815 (h)
  082 905 7278 (sel)

- Jan van Zyl
  jan@moederkerk.co.za
  Tel: 021 887 5020 (w) 021 886 4994 (h)
  082 871 3155 (sel)

- Marié Britz
  marie@moederkerk.co.za
  Tel: 021 887 5020 (w) 021 886 7471 (h)
  084 5151 629 (sel)

BEDIENINGSPOSTE

- Wynand Nel (Pastorale hulpleraar vir Senior Lidmate)
  wynand@moederkerk.co.za
  Tel: 021 886 9880 (h) 082 901 5877 (sel)

- Zorada Temmingh (Orrelis: Moederkerk)
  zorada@moederkerk.co.za
  Tel: 021 886 6190 (h) 082 560 7553 (sel)

- Wilken Calitz (Musiekleier - Informele Eredienste)
  wilken@moederkerk.co.za
  021 887 5020 (w) 083 267 9225 (sel)

- Louis van der Watt (Koorleier - Canticum Novum)
  louis@moederkerk.co.za
  Tel: 021 886 6539 (h) 084 517 1273 (sel)

- Pang Basson (Eiendomsbestuurder)
  pang@moederkerk.co.za
  082 352 5574 (sel)

- André Kilian (Gefokusde pastoraat en Teologiese Studente)
  andre@moederkerk.co.za
  082 320 1784 (sel)

- Nikki Meyer (Grafiese Ontwerp)
  nikki@moederkerk.co.za
  074 293 3583 (sel)

- Karlien Grobbelaar (Kategese-koördineerder)
  karlien@moederkerk.co.za
  084 250 2473 (sel)

- Niel Steyn (Jeugwerker)
  niel@moederkerk.co.za
  084 688 1080 (sel)

- Johan Viljoen (Straatlig)
  straatlig@moederkerk.co.za
  084 547 1143 (sel)

- Danita Snyders (Straatlig Werkskeppingsprojekte)
  danita@moederkerk.co.za
  082 711 4189 (sel)

- Huba Boshoff (Leierskapsontwikkeling)
  huba@moederkerk.co.za
  084 245 1514 (sel)

- Friena Müller (Gasvryheid)
  friena@moederkerk.co.za
  082 926 6234

- Dubois du Toit (Koster: Kruiskerk)
  dubois@moederkerk.co.za
  082 723 5451

- Henko Janse van Rensburg (Gemeenskapsontwikkeling)
  bond@moederkerk.co.za
  083 698 1966

DANKOFFER

Ons moedig lidmate aan om, in ooreenstemming met Mal 3:10, self die inisiatief te neem om hulle dankoffers na die gemeente toe te “bring”. Jy kan dit op verskillende maniere doen:

- Jy kan dit per aftrekorder doen. Dit het vir sowel jouself as vir die gemeente die voordeel dat daar deurlopendheid is.

Ongelukkig aanvaar geen bank meer aftrekordervorms wat deur die gemeente voorsien word nie. Jy moet dit dus met jou eie bank reël. Indien jy jou banksake elektronies doen, kan jy natuurlik jou aftrekorder self elektronies skep en aanpas soos nodig.

- Jy kan jou bydrae gee deurdat jy self maandeliks die oorplasing elektronies doen of by die bank inbetaal.

Indien jy verkies om jou bydrae elektronies te doen, skryf asb in die blokkie by “Inskrywing op begunstigde se bankrekening”: Dankoffer

- Jy kan van die dankofferkoeverte gebruik maak waarin jy jou bydrae na die erediens toe bring. Reël dan met jou Dienswerker dat hy of sy jou gereeld sal voorsien van hierdie koeverte. Dit is ook by die kantoor beskikbaar.

Op die eerste Sondag in September vier die gemeente Dankfees. Die hele September is Dankfeesmaand en lidmate word aangemoedig om ’n spesiale dankoffer dan te gee.

WAAROM DANKOFFER GEE?

- Jy sê so dankie!
- Jy leer om van God afhanklik te lewe.
- Jy belê in God se Koninkryk en word `n vennoot daarin.
- Jy wys aan watter geloofsgemeenskap jy jouself verbind.

WAT Sê DIE BYBEL?

"Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief." (2 Kor. 9:7)

"Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus." (Filip. 4:17,19)

"Wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het." (1 Kron 29:14)

MOEDERGEMEENTE SE REKENINGBESONDERHEDE

REKENINGNAAM:	NG Kerk Stellenbosch
BANK:	Nedbank (Business Winelands)
TAKKODE:	149821
REKENINGNOMMER (Tjek):	1498043232

VERSORGING

HOE WORD EK VERSORG?
'n Liggaam wat nie homself goed versorg nie, kan nie effektief tot aksie oorgaan nie. Dit is baie belangrik dat jy binne 'n kleiner groepsverband sal inskakel sodat jy daar omgee en versorging kan ervaar. Elke kleingroep bepaal sy fokus en kleingroepe in ons gemeente kan dus aansienlik van mekaar verskil wat samestelling en aard betref.

WYKE
Die gemeente is ingedeel in 'n aantal geografiese wyke. Die wyk kom in die reël op die derde Sondag van die maand bymekaar vir 'n wyksbyeenkoms wat rondom onderlinge sorg en Bybelstudie ingerig word. Die wyke word ook aangemoedig om gereeld op 'n sosiale vlak saam te kom en saam 'n wyksprojek aan te pak.

KLEINGROEPE
- Vir mans
- Vir vroue
- Vir mans en vroue
- Vir werkende jongmense
- Vir jong getroudes
- Vir studente
- Vir tieners

FAMILIE-OMGEEGROEPE
Hierdie groepe bestaan elk uit drie of vier families waar kinders en volwassenes weekliks of maandeliks saamkom om saam te sing, te deel, die Bybel te bespreek en vir mekaar en die wêreld te bid.

GEFOKUSDE ONDERSTEUNINGSGROEPE
Groepe vir mense wat worstel met verlieservarings, depressie en angs, egskeiding, ensovoorts. Daar is ook 'n gespreksgroep vir gay gelowiges.

AKSIEGROEPE
Baie van ons bedieninge funksioneer in kleiner eenhede wat spesifieke aspekte van die betrokke bediening as kleiner span hanteer.

KLEINGROEPE KONTAKBESONDERHEDE
kleingroepe@moederkerk.co.za is jou een-stop e-pos adres vir alle kleingroep-sake. As jy direk wil kontak maak, is die kontakpersone soos volg:

- STUDENTE: Marié Britz by marie@moederkerk.co.za of by 084 515 1629
- JONG WERKENDES: Kotze Olivier by kotze@moederkerk.co.za of by 076 911 1930
- GEVESTIGDE LIDMATE: Marié Britz by marie@moederkerk.co.za of by 084 515 1629

Om jou te help om 'n kleingroep te kry, is daar 'n vormpie by die kerkkantoor beskikbaar of op ons webwerf www.moederkerk.co.za (kliek op "Hoe werk dit" en "Kleingroepe").

TOERUSTING

Ons wil aan elke lidmaat die geleentheid gee om toegerus te word, sodat hy en sy hulle roeping as gelowiges binne en buite die gemeente werklik kan uitleef.

IN DIE EREDIENS!

Die eredienste is die sentrale toerustingsgeleenthede in die gemeente.

Ons verstaan die doel van die eredienste as die viering van ons verlossing in Jesus Christus en die toerusting om uit te gaan en as verloste mense te leef en te dien (Ef 4:1 en Fil 2:12-13).

DEUR DIE NETWERKKURSUS WAT DEUR DIE GEMEENTE SE NETWERKBEDIENING AANGEBIED WORD

Deur hierdie kursus word lidmate gehelp om groter duidelikheid te kry oor hulle unieke roeping as gelowiges in die Koninkryk van God. Die kursus neem in ag wie die Here jou as mens gemaak het, met ander woorde wat jou unieke passies, gawes en persoonlike styl is. Die Netwerkkursus word deurlopend in die gemeente aangebied. Nuwe lidmate word baie sterk aangemoedig om dit te volg en sodoende so effektief moontlik hulle “plek” in die gemeente te vind. Nadat die kursus gevolg is, word lidmate verder begelei om ‘n bedieningsplek te kry.

DEUR DIE STELLENBOSCH BYBELSKOOL

"Ons wil gelowiges op 'n ontdekkingsreis deur God se Woord neem, sodat hulle God beter kan leer ken en met passie en geestelike onderskeiding in sy wêreld kan leef." Dit is die visie van die Stellenbosch Bybelskool.

... EN OP HEELWAT ANDER MANIERE

Deur ‘n verskeidenheid ander kursusse en toerustingsgeleenthede word lidmate begelei en toegerus om hulle geloof en roeping as Christene en lidmate prakties te kan uitleef. Enkeles daarvan is huweliksvoorbereidingkursusse, huweliksverrykingskursusse en –naweke, gesins– en ouerskapskursusse, kategete-toerusting en toerusting van wyksbedieningspanne.

BEDIENING

HOE KAN EK ‘N KONINKRYKSVERSKIL IN DIE WÊRELD MAAK?

Een van die mees bevrydende insigte wat ons die afgelope tyd gekry het, is hoe omvattend elke gelowige se roeping is. Dit omvat nie net gemeentelike betrokkenheid nie, maar totale gemeenskapsbetrokkenheid. Dit is nie net in my af-tyd nie, maar het ook met my werk en huis te make. Roeping is vir elkeen van ons, met volle inagneming van jou beskikbare tyd, die lewensfase waarin jy verkeer, jou unieke passies, gawes en persoonlikheidstipe!

Deur die Ontdek Jou Plek kursus val hierdie verskillende stukkies van jou lewenslegkaart in plek sodat jy ‘n groter aanvoeling kry vir die plek waar die Here op hierdie stadium deur jou lewe ‘n koninkryksverskil in die wêreld wil maak.

Daar is baie bestaande moontlikhede van betrokkenheid in die gemeente èn gemeenskap. Daar is egter ook volledig ruimte vir die totstandkoming van nuwe bedieninge. Nuwe bedieninge ontstaan waar lidmate met die passie daarvoor inisiatief neem en deur die gemeente ondersteun word.

- Jou roeping en “bediening” kan lê in die “versorgings”-aspek van die gemeente. Daarvan is die wyke se dienswerkers, kleingroepleiers, beraders, verwelkoming van nuwe lidmate en die senior bediening goeie voorbeelde.

- Jou roeping of bediening kan ook lê by die “toerustings”-aspek van die gemeente. Hiervan is die eredienswerkgroep, eredienswerkers en die netwerkbediening voorbeelde.

- Binne die “bedieninge” van die gemeente is daar egter baie spesifieke geleenthede om betrokke te raak by die vloei van Lewende Water wat lewe gee en hoop in ons wêreld bring.

In die “bedieningsboekie” vind jy 'n opgedateerde beskrywing van verskillende bedieninge in Moedergemeente. Kyk daardeur en neem dit ernstig op as jou gedagtes bly draai om een of meer van hierdie diensgeleenthede. Die leraars en die lede van die gemeente se "Netwerkbediening" kan leiding gee oor watter bedieninge vir jou spesifieke passies, gawes, persoonlikheid en lewensfase gepas sou kon wees.